WITWATERSRANDSE LANDBOUGENOOTSKAP

KONYNE - KENNISHANDLEIDING



W.L.G. JEUGSKOU

INHOUD

Inleiding		.....	2
Hoofstuk 1	Wat is 'n konyn?	.....	3
Hoofstuk 2	Behuising / Sanitasie	.....	5
Hoofstuk 3	Voedsel / Voedingswaarde	.....	7
Hoofstuk 4	Teling	.....	9
Hoofstuk 5	Gesondheid / Siektes	.....	12
Hoofstuk 6	Rasse	.....	15
Hoofstuk 7	Skou-voorbereiding	.....	21
Hoofstuk 8	Skou	.....	22

INLEIDING

Konyne maak uitstekende troeteldiere en is 'n wonderlike stokperdjie. Dis egter onmoontlik om 'n troeteldier behoorlik te versorg of veel met 'n stokperdjie te bereik as 'n mens nie oor die basiese inligting oor die onderwerp beskik nie. Dit verskaf 'n mens ook groot bevrediging om ekstra uitdagings met jou troeteldiere of stokperdjies aan te durf. Waar kry jy 'n groter uitdaging as om jou diere vir 'n skou in te skryf? Om te skou kan groot vreugde of diepe teleurstelling veroorsaak, maar dit is altyd 'n ervaring waaruit jy baie leer, selfs na hoeveel jare.

Om konyne te teel is 'n boerdery-onderneming en dis moeilik om rigiede reëls neer te lê. Wat vir een werk, deug nie noodwendig die beste vir 'n ander nie. Jy kan dit dus nodig vind om met verskeie metodes te eksperimenteer en dan by die een te hou wat jou die beste pas.

In hierdie boekie gaan ek jou die basiese feite gee oor sekere aspekte van hoe om konyne te teel en te skou, ook party van die veranderlikhede. Aan die einde van elke "hoofstuk" is daar 'n paar projekte vir jou om te doen. Om hierdie projekte te voltooi, sal navorsing, eksperimentasie of dinkwerk van jou verg. As jy hulle egter eenkeer voltooi het, behoort jy genoeg kennis van konyne te hê om die meeste vrae wat 'n beoordelaar of enigiemand anders jou kan stel, bevredigend te kan beantwoord.

Voorts, voorspoed met die stokperdjie wat jy gekies het en mag dit vir jou baie vreugde en bevrediging bring.

Des Hees

Hoofstuk 1

WAT IS 'N KONYN?

'n konyn is nie, soos algemeen aanvaar word, 'n knaagdier nie. Ons kan die leek egter kwalik vir so 'n misrasing blameer terwyl dierkundiges konyne jarelank as Duplicidenta van die orde Rodenta geklassifiseer het. Hierdie klassifikasie was daaraan te wyte dat die konyn se snytande (voortande) in werklikheid twee tande is wat agternekaar sit. Dit was eers veel later dat die Duplicidenta as 'n eie orde, naamlik Lagomorpha, geklassifiseer is, omrede hulle 28 tande het, vergeleke by die knaagdier se 16. Lagomorpha word in twee spesies onderverdeel. Een spesie sluit konyne en hase in, die ander is vir die muishase.

Dis genoeg wetenskaplike feite vir hierdie boekie. Dis net om te wys hoe ingewikkeld die studie van enige troeteldier kan word, afhangende van hoe wyd jou belangstelling loop.

Hoewel konyne en hase tot dieselfde spesie behoort (en hulle word dikwels verkeerde benamings gegee) verbaster hulle nie met mekaar nie. Hulle verskil in vele opsigte, ondermeer wat leefgewoontes aangaan. Die konyn prawe horn byvoorbeeld onder die grond in terwyl die haas bogronds leef.

Konyne word al sedert 1 000 VC deur mense in hokke aangehou. In die Middeleeue is hulle as slagdiere in die kloosters aangehou omdat die fetusse of pasgebore klein konyntjies nie as vleis beskou is nie en hulle dus tydens Vastyd geëet kon word. 'n Aantal variasies is voor die 18e eeu aangeteken, waaronder kleurverskille soos die Hollandse skakering en die Angora "wol"-variasie. Die pragtige mutasies soos die pragtige Rex en Satynpels wat ons deesdae op die skoubank sien, is eers later met groot sorg geteel. Van die ander rasse het sommige uit toevallige kruisteling ontstaan, maar is meestal die resultaat van sorgvuldige studie van genetika en beplande teling.

Waarom word konyne vandag aangehou? Die antwoord is om 'n verskeidenheid redes, waaronder :

- as troeteldiere;
- vir hulle vleis;
- vir kommersiële doeleindes (om geld te maak);
- vir terapeutiese of rehabilitasie-doeleindes;
- vir navorsing of laboratoriumdoeleindes.

Maak nie saak om welke redes hulle aangehou word nie, die konyn bly steeds een van die interessantste, wonderlikste en liefdevolste diertjies wat daar is.

Projekte Hoofstuk 1



Hello! Ek is Karel Konyn.

En ek is die Klein Wit Konyn.



Tussen die twee van ons gaan ons vir jou (aan die einde van elke hoofstuk) 'n aantal projekte gee om jou in staat te stel om meer van ons te leer. Dit sal ons (jy en die konyn) in staat stel om mekaar beter te verstaan.

Ons raad aan jou is om eers die hele boekie deur te lees en dan een projek op 'n keer te kies en aan te pak. Jy sal vind dat jy voortdurend na jou projek kan terugkeer en dit bywerk namate jy meer kennis en ondervinding oor die onderwerp opdoen.

Die projek by die eerste hoofstuk bied 'n tipiese voorbeeld van hoe jy dit uit ervaring kan aanvul. Jy sal vind dat jy dit steeds bly bywerk, selfs al boer jy 50 of 60 jaar lank met konyne.

Hoofstuk 1 - Projek

Maak 'n lys van al die inligting wat jy oor my (konyne) as ook my neef, die haas, kan bekom. Dit is raadsaam om die bron waaruit jy die inligting bekom het, aan te teken. As jy lus het kan jy ook my veraf neef, die muishaas, insluit. Dit sal egter maar net vir jou eie inligting wees. Teken dan uit die versamelde inligting al die ooreenkomste asmede enige belangrike verskille aan.

Hier is 'n voorbeeld van 'n moontlike indeling wat jy kan gebruik

Lagomorpha						
Item	Konyn	Bron	Haas	Bron	Muishaas	Bron
Lyf						
Teling						
Voedsel						
Habitat						
ens.						
ens.						
ens.						

BEHUISING / SANITASIE

Konyne is maklik as dit by huisvesting kom. Sommige mense hou hulle troetelkonyne sommer in hul huise aan, of laat hulle in die tuin bly. Ander hou hulle in kolonies aan. Die meeste telers hou hulle konyne egter in individuele kooitjies (hokke). Maak nie saak hoe en waar 'n mens jou konyne aanhou nie, daar is egter sekere vereistes waaraan jy moet voldoen. Dit geld vir skuiling, vir skoon, droë en trekvrye omstandighede.

Skuiling

'n Konyn kan gemaklik wees onder 'n verskeidenheid temperature, veral solank dit aan die koel kant is. Hulle kan egter van oormatige hitte beswyk. Dit is ook raadsaam om konyne, veral gekleurdes, weg te hou van direkte sonlig omdat dit die pels "doodmaak" en die kleur verbleik. Om hierdie rede verkies sommige mense, veral buitelandse telers, om hulle konyne in donker omstandighede te huisves.

Sindelikheid

Hoewel konyne in onhigiëniese omstandighede aangeteel en gefloreer het, is hulle vatbaar vir siektes. Daar word dus aanbeveel dat hulle omgewing skoon en higiënies gehou word sodat hulle hulle volle potensiaal kan bereik. 'n Siek of besmette konyn sal nie op skou toegelaat word nie. As dit weldeurglip en ten toon gestel word, sal die beoordeelaar dit diskwalifiseer en isoleer.

Trek-vry

Soos reeds gesê kan konyne groot temperatuur-verskille verduur, veral aan die koue kant. Hulle is egter baie gevoelig vir 'n trek. As daar 'n trek in hulle hok is, kan dit talle probleme veroorsaak, soos verkoues, snuifsiekte (pasturella) en selfs oorontsteking. Hierdie kan almal dodelike siektes wees en voor jy weet waar jy is kan jy sonder konyne sit.

Klammigheid

Visse floreer in water. Grond gebonde skepsels het wel drinkwater nodig om te leef, maar vind dit uiters onaangenaam en ellendig om in klam toestande te moet leef.

Hok-grootte

In die ou dae is gereken dat 'n konynhok 0,1 vk meter per 500 gm volwasse gewig moet wees. Vandag verkies die meeste telers standaard grootte hokke. 'n Teelhok is normaalweg 900 mm wyd x 600 mm diep x 450 mm hoog vir die meeste medium en groot rasse. Kleiner hokke word soms vir klein rasse gebruik. Sommige kommersiële telers verkies egter hokke van 600 mm x 600 mm x 300 of 450 mm en plaas die teelkas dan aan die hok se buitekant. Onthou altyd om die lengte van jou arm in gedagte te hou by die koop of bou van 'n hok. Dit bly ongemaklik om in die hok te moet inklim ten einde 'n konyn uit 'n hoek uit te kry.

Benodigde materiaal

As die hok onderdak gehou word, is 'n draadhok voldoende. Die hok kan egter van enige materiaal gemaak word, mits sekere dinge in ag geneem word. Dit is naamlik dat konyne aan alles kou, veral aan hout; staal word baie warm en baie koud; asbestos word koud en konyne sal daaraan kou. Daarbenewens moet in gedagte gehou word dat die hok gereeld skoongemaak en ontsmet moet word. Voorsiening moet ook vir kos en water gemaak word. As jy op 'n soliede pleks van 'n draadvloer besluit, onthou dan dat dit baie gereelde skoonmaak vereis. Dit is dan goed om die vloer met saagsels of strooi te bedek.

Higiëne

Alle kos- en waterhouers behoort daagliks skoongemaak te word. Die hok moet eenkeer per week skoongemaak word, meer dikwels as dit 'n soliede vloer het, en eenkeer per maand ontsmet word. Alle keutels/drolletjies moet daagliks verwyder word. Verder moet dopgehou word dat daar nie 'n samepakking van vlieë of insekte plaasvind nie of dat daar nie 'n stank opbou nie. Die oorsaak van hierdie probleme moet opgespoor en dadelik verwyder word. Onthou altyd, voorkoming is die beste medisyne.



2,1,1 Teken aan en bespreek wat jy nodig het om jouself te huisves.
2,1,2 Teken aan en bespreek wat jy dink ek nodig het om gehuisves te word.
2,1,3 Vergelyk wat ons albei nodig het en wat ons afsonderlike behoefi is.

2,2 Maak 'n tekening van 'n hok vir my as ek buitekant gehuisves m word. Dui alle mate aan, asook die nodige materiale. Sit uit waarom jy hok so gemaak het en ook jou keuse van materiaal.

2,3 Trek 'n skedule op vir my hok en bybehore se skoonmaak en ontsmetting.

2,4 Noem die voor- en nadele daarvan om my en my vriende:
1. te laat los loop in jou tuin;
2. in kolonies aan te hou;
3. in afsonderlike hokke te hou.

Vir u eie notas.

VOEDSEL / VOEDINGSWAARDE

Soos reeds gesê is konyne nie vitterig oor kos nie en ek het al gehoor van konyne wat druiwe, appels, mieliepap metmelk en selfs sjokolade eet en geniet.

Nietemin, konyne benodig wel 'n hoë proteïne-dieet, normaalweg tussen 12% en 14%, hoewel sommige aanvoer dat hulle tot 18% nodig het. Gevolglik gebruik die meeste mense een van die korrelkosse vir konyne wat in die handel beskikbaar is. Sommige eksperimenteer met ander dierekosse. Daar word beweer dat kosse wat ureum bevat liefs vermy moet word. Dis makliker om die konyne korrelkosse te voer as ander kosse, maar dit moet 'n gebalanseerde dieet wees.

Verskillende vervaardigers gebruik egter verskillende bestanddele en daar moet nie skielik van een soort korrelkos na 'n ander oorgeskakel word nie. Daar moet geleidelik oor 'n paar dae na die nuwe korrel of ander kos oorgeskakel word, byvoorbeeld 25%, 50%, 75%, 100%.

Hierdie metode om na nuwe kosse oor te skakel kan baie probleme met diaree (buikloop) uitskakel. Daar is opgemerk dat sekere probleme kan onstaan of uitgeskakel word deur die konyne verskillende kosse of korrels van verskillende vervaardigers te voer. Hierdie probleme kan wissel. Konynekan hulle eetlus verloor, hulle kos uit die voerbak krap. Dit kan hulle groei beïnvloed (voedsel-omsetting), hulle pels kan sagter of growwer word. Dit kan veroorsaak dat pasgespeende kleintjies vrek en kan selfs tot onreëlmatighede met bevrugting lei.

Hierdie probleme word nie oornag merkbaar nie, maar vereis volgehoue waarneming oor 'n tydperk van ses maande of selfs 'n jaar. 'n Mens moet ook in gedagte hou dat ander faktore die probleem kon veroorsaak of uitgeskakel het.

Die meeste telers is dit eens dat volwasse "groot" konyne tussen 110 gm en 120 gm korrelkos per dag moet kry. Daar is egter twee gedagteskole oor die voeding van sogende wyfies (wyfiekonyne met kleintjies wat drink) en speenkonyntjies (kleintjies van tot 12 weke oud). Een skool verkies dat kos te alle tye beskikbaar moet wees en dat die konyntjies eet na gelang hulle lus het. Die ander skool wil hê dat voeding van jongs af gerantsoeneer word.

Korrelkos moet met een of ander soort hooi aangevul word vir vulstof en ruvoer. 'n Happie groenvoer of groente dan en wan is in orde, maar weereens, te veel op 'n keer kan buikloop veroorsaak.

Jy kan konyne ook net groenkos voer, maar dan moet jy hulle groter hoeveelhede voer (ongeveer 1 kg per dag). Die konyne moet dan ook twee keer per dag gevoer word want verlepte lowwe moet nie in die hok gelos word nie. Die meeste soorte groenkos is geskik. Sommige is natuurlik voedsamer as ander en elke konyn sal sy eie voorkeur hê. Ek is gesê om hulle nie rabarber, tamatieplante, rou aartappels en uie te voer nie omdat hulle daarvan kan vrek. Gevolglik het ek hierdie besondere groenkos vermy. Ek het hulle egter die meeste ander groenkosse gevoer, waaronder grassnysels (wat nie gespuit is nie), snoeitakkies van bome, blomknoppe, ens. Ek het teeldiere selfs kakiebos gevoer. Sommige sê dit ontwurm hulle, maar ek het gevind dit help om vlieë uit die hokke weg te hou. Party mense sê konyne wat in beperkte ruimtes gehou word, moenie te veel slaai gevoer word nie.

Konyne is by geleentheid om besondere redes ook hawermout, sonneblomsaad, grondboontjies en dies meer gevoer, soos byvoorbeeld voor 'n skou om die pels se glans te verhoog.

In die ou dae het telers hulle eie rantsoene ontwikkel. Omdat hierdie kos nie in korrelvorm was nie, het die konyne baie vermors. Dié gebruik het feitlik verdwyn. Voorts het ek ook gesien en verneem dat konyne aanvullende voedings van mieliepap met melk, of selfs brood kry.

Nog 'n noodsaaklikheid vir enige konyn is vars water. As hy korrelkos gevoer word, is dit nodig om hom twee tot drie keer 'n dag water te gee. 'n Konyn kan tot 'n liter water per dag drink. Iemand het my vertel sy drie konyne het vir 'n jaar lank niks water gedrink nie. Ek het dit baie eienaardig gevind en by verdere navraag is ek meegedeel dat hulle uitsluitlik op groenkos gevoer is. Die basiese bestanddeel was vyf slaaiblare per dag. Die rede vir hierdie anomalie kan wees omdat slaai 'n hoë waterinhoud het.

Projekte Hoofstuk 3



3,1 Vergelyk die etikette van minstens twee verskillende vervaardigers se konyn-korrels, teken die presentasies bestanddele in elkeen aan. Vergelyk die pryse van die voer. Watter kos voer jy my? Gee redes vir jou keuse.

3,2 Maal 'n lys van die redes ten gunste en daarteen om my liewer konyn-korrels as "groenkos" te voer. Sê waarop jy my sal voer en gee redes.

3,3 Maak 'n plakkaat van die dinge wat jy my sal voer. Sê waarom jy dink hulle vir my goed sal wees. Gee jou redes waarom jy die besondere voer gekies het.

3,4 Maak 'n lys van 10 items wat sowel jy as ek kan eet. Maak nou 'n lys van 10 items wat net jy behoort te eet. Wat van my? Kan jy 10 items aanteken wat ek kan eet en jy liewer nie?

Eie notas.

Hoofstuk 4

TELING

So, jy het nou jou konyne gekoop, jy het hulle gehuisves, proefnemings gemaak waarmee om hulle te voer en nou wil jy met hulle teel. Wat nou? Sit jy maar net die mannetjie en die wyfie bymekaar en hoop vir die beste, of beplan en organiseer jy die paring en teling van jou diere met sorg? Dis jou keuse, afhangende van wat jy wil bereik. Weereens het jy sekere basiese inligting nodig en ek wil nog die een sien wat skoudiere op 'n mog't troffe-manier kan teel.

'n Konyn se dragtyd (die tyd vanaf paring tot geboorte) is tussen 30 en 32 dae. Ek sal vir jou inligting gee oor teling onder beheerde omstandighede, want ek glo dis al manier as 'n mens konyne wil skou. Daar is verskillende menings oor wanneer en hoe om konyne te teel. Kommersiële telers teel op 'n siklus van vyf weke, dws die wyfie gooi elke vyfde week 'n werpsel af en begin teel terwyl sy nog jonk is. Die doel is om die maksimum uit 'n wyfie te teel en die onderneming so winsgewend moontlik te maak.

Sommige wat vir skou teel, glo jy moet nooit met 'n konyn teel wat onder stres verkeer nie, onder meer voordat die dier volgroeid is of selfs terwyl dit verhaar, dws die ou pels afgooi en 'n nuwe pels groei. Party teel uitsluitlik vir skou. Hulle paar die diere só dat hulle kroos op 'n sekere ouderdom geskou kan word. Die meeste telers werk egter volgens 'n vaste stelsel, byvoorbeeld 'n siklus van tien weke waardeur hulle op die duur die beste resultate vir albei doeleindes behaal.

Die konyne word in aparte hutte gehuisves sodat teling beheer kan word. Aangesien 'n konyn plekgebonde is, moet die wyfie na die mannetjie se hok geneem word. Die mannetjie behoort die wyfie te probeer beklim kort nadat sy in sy hok geplaas is. As die wyfie gereed is, sal sy haar agterlyf lig sodat die mannetjie met haar kan paar. As hulle klaar gepaar het, val die mannetjie af, gewoonlik sykant toe, maar soms agteroor. Sommige mense los die wyfie daar totdat sy drie keer gedek is, normaalweg binne 10 tot 20 minute. Ander neem die wyfie weg en plaas haar 12 uur later terug.

Hierna verloop alles normaal vir 28 dae, behalwe dat sommige telers die wyfie se voeding ná 14 dae vermeerder. Op 28 dae kry die wyfie 'n neskas met nes materiaal. Dié neskas kan wissel in vorm en grootte, soos die teler verkies. Soos reeds gesê kan dit binne die hok geplaas word of aan die buitekant gehang word. Die wyfie bou dan haar eie nes. Gewoonlik sal die wyfie haar kroos sonder enige probleem in die wêreld bring en versorg. Hier is 'n paar wenke om ingedagte te hou vir geval daar wel probleme opduik. As die wyfie nie maagpels uitpluk na die geboorte nie, en dis koud, vang haar, pluk van haar maagpels uit en plaas dit in die nes. Dis gewoonlik genoeg om haar te laat onthou om die werkie self verder te voltooi. As die wyfie haar kleintjies buite die neskas kry en hulle is warm, kan hulle - en die pels -eenvoudig in die neskas gesit word. Vryf hulle met 'n handvol pels. As die kleintjies egter koud is, hou hulle aan die kop vas, dompel hulle so diep moontlik in warm water, vryf hulle met 'n lap droog en sit hulle in die neskas.

Omdat die wyfie net agt spene het, gebeur dit soms dat sy te veel kleintjies het en nie almal kan voed nie. Dit kan selfs soms ook gebeur al het sy net 'n paar kleintjies. As jy 'n ander wyfie het met 'n werpsel van ongeveer dieselfde ouderdom, kan jy haar as pleegma vir party van die eerste een se kleintjies gebruik. Dit werk goed as die twee werpsels verskillende rasse (tipes) is, maar dit kan jou rekords deurmekaar krap as hulle dieselfde ras en kleur is. Ek het egter ook wyfies met groot werpsels gesien wat twee neste in die kas maak, die kleintjies verdeel en heel vrolik 12 pragtige babas grootmaak.

Party telers sê jy moenie die nes vir 'n dag nadat die wyfie kleintjies gekry het, versteur nie. Ander sê jy moet eers vaselien aan die wyfie se neus smeer voordat jy die pleeg kleintjies aan haar laat drink. Ek het nie een van die twee toepaslik vir my program gevind nie. Ek kan in die kaste werk selfs terwyl die wyfie besig is om kleintjies te kry, hoewel ek dit nie sou aanbeveel nie. Ek vryf die pleeg kleintjies net eers met pels uit die pleegma se nes en sit hulle dan tussen haar eie neer.

Sodra die ma geboorte geskenk het, behoort jy haar rantsoen te verdubbel en dit, indien moontlik, met 'n bietjie groen lusern of ander groen happies aan te vul om melkproduksie te stimuleer.

Na 'n dag of twee sal die kleintjies se pels begin groei en na sowat 10 of 12 dae behoort hulle ogies oop te gaan. Indie loop van die derde week behoort die kleintjies hulle neskas te begin verlaat en soliede kos te begin eet. Die kleintjies kan op drie weke gespeen word (van hulle ma weggeneem word) en dit is die normale gebruik by kommersiële telers. Dis gewoonlik die gebruik om hulle twee weke nadatdie wyfie weer gepaar het, te speen, tensy die kleintjies natuurlik te groot geword het en die ma nie gepaar het nie.

Sommige telers voer aan dat die speen-konyntjies in die hok gelaat en die ma verwyder word, om stres te voorkom. Die meeste telers speen hulle egter deur hulle na 'n ander hok/hokke of selfs kolonies oor te plaas. Welke metode ookal gevolg word, is dit noodsaaklik om die geslagte voor die 14de week te skei ten einde ongewenste swangerskappe te voorkom.

Die meeste telers meen dat 'n mannetjie vir 'n dag gebruik moet word en dan vir twee dae moet rus om sy kragte te herwin. Ek het egter 'n enkele mannetjie drie tot vierkeer 'n dag gebruik en hom dan vir 'n week laat rus. As gevolg van hierdie "reëls" het jy een mannetjie vir 10 wyfies in 'n teelsiklus van vyf weke nodig, of een mannetjie vir 20 wyfies in 'n siklus van tien weke.

Vir jou sketse

Projekte: Hoofstuk 4



4,1 Maak 'n skets van 'n neskas wat jy vir my sal bou om my babas in te kry. Gee al die afmetings. Sê of dit binne of buite my hok gesit gaan word. Verstrek besonderhede van al die materiale wat gebruik sal word en gee redes vir al jou besluite.

4,2 Ek moet binnekort paar. Ontwerp verslag-kaarte vir my en my maat. Teken alle inligting wat jy dink tersaaklik is op die kaart aan. Gee redes waarom jy die inligting op die kaart nodig het, asook waarom jy nie sekere inligting op die kaart aandui nie.

4,3 Ek staan op die punt om babas te kry, ek is 'n neskas gegee met nesmateriaal daarin en tog sal ek nog van my eie pels uitpluk vir die nes. Gee vir my redes waarom ek dit sal doen.

Gevorderd.

4,4 Sommige telers laat weer paar, 12 ure nadat ek vir die eerste keer gepaar het. Wat is hulle redes vir hierdie gebruik?

Gevorderd.

4,5 Die meeste mense dink ek is familie van die haas. Ons is verskillende families en kan nie met mekaar paar nie. Wat is ons verskille rakende bevrugting, die skenk van geboorte, babas, ensovoorts.

4,6 Noem die verskille tussen lynteling, inteling en uitteling. Noem elkeen se voor- en nadele.

Vir eie notas



GESONDHEID / SIEKTES

Hulle sê 'n goeie boer sal enige probleem onder sy vee agterkom nog voordat daar enige uiterlike tekens is. Dit is waar, maar dis geen toorkuns nie. Die hele geheim is dat so iemand by sy/haar diere betrokke is en op hulle gewoontes bedag is. As jy jou eie konyne self voer en water gee, sal jy dadelik agterkom as hulle nie behoorlik eet of drink nie. Deur die keutels/drolletjies dop te hou, sal jy dadelik enige verandering (sagtheid) in die keutels/drolletjies opmerk. As jy gewoond is om jou konyne dop te hou, sal jy gou agterkom hoe elke konyn hom op verskillende tye en onder verskillende omstandighede gedra. As jy oplettend is, sal jy dit gou-gou raaksien as 'n konyn hom snaaks gedra of lusteloos voorkom. Hierdie is almal verklik-tekens wat die konynboer sal opmerk en mense met sy voorgegewe "toorkuns" beïndruk.

'n Gelukkige en tevrede konyn wat in higiëniese omstandighede bly, sal normaalweg nie baie probleme hê nie. Maar selfs in konynboerderye wat ten beste bedryf word, kan en sal daar dan en wan 'n probleem opduik. Die doel in hierdie hoofstuk is nie om van jou 'n veearts te maak nie, maar om jou 'n idee van party van die algemeenste probleme te gee, asook 'n klompie goedkoop boererate. Hierdie lys is verreweg nie volledig nie en bykomende navorsing sal vir verdere probleme nodig wees.

Oorkanker

Dit word deur 'n myt in die oor veroorsaak. Dit begin indie basis van die oor en lyk soos 'n skurwigheid. Dit word vinnig groter, oortrek uiteindelik die hele oor en versprei selfs verder.

Daar is verskeie middels op die mark. Die goedkoopste is om 'n paar druppels baba-olie of soetolie of so in die oor te gooi. Dit laat die skurfte gewoonlik binne 'n paar dae verdwyn. Die probleem is dat die kanker hervat en dit moet dus gereeld gedokter word.

Snuifsiekte (pasturella)

Hierdie is 'n hoogs aansteeklike siekte en kom in die meeste konyngemeenskappe voor. Onderstepoort het 'n entstof teen snuifsiekte ontwikkel wat elke ses maande toegedien moet word. Die probleem hiermee is dat die konyn 'n knop in sy nek kry waar hy ingespuit is en die beoordelaar sien dit gewoonlik raak.

Snuifsiekte tas die asemhalingskanaal (longe) aan en is sigbaar as 'n wit slymerigheid in die neus. Die konyn het 'n nat nies en vryf die slymerigheid met sy voorpote af wat dan aangepak raak. Die doeltreffendste is om die siek konyn dood te maak. As dit nie moontlik is nie, moet hy geïsoleer word waar hy nie ander kan aansteek nie. Die konyn sal al verder agteruitgaan en kan sekondêre ontstekings soos absesse ontwikkel voordat die dier vrek.

Abses

'n Abses (sweer) is 'n knop op die konyn se lyf gevul met "etter". Dit kan veroorsaak word deur 'n besering of assekondêre infeksies. As die sweer oopbars, is jy gelukkig want jy word dan die trauma gespaar om dit self te moet oopmaak. As dit eenkeer oop is, moet soveel as moontlik van die "etter" uitgedruk word. Ontsmet dan die wond en bedek dit met genesende olie of 'n mengsel van Vaselien en blomswawel.

Wonde

Hulle kan met óf genesende olie, óf die Vaselienmengsel behandel word.

Skewe nek

Dit gebeur wanneer die konyn se nek skeef draai en lei uiteindelik tot algehele verlies van balans. Dit kan die gevolg wees van teling, besering of as 'n sekondêre ontsteking (binne-oorontsteking). In die meeste gevalle is daar geen geneesmiddel nie en moet die dier uit die weggeruim word.

Wanokklusie (wanaansluiting van die tande)

'n Konyn se tande (en naels) groei voortdurend. Die kake is volmaak pas-geskape sodat die tande in die kou proses afslyt. As die kake nie behoorlik pas nie, groei die tande totdat die konyn nie meer kan eet nie en vrek.

In sommige gevalle groei die tande uit die mond uit in die neus in, of vorm 'n volkome sirkel in die mond.

Wanokklusie kan die gevolg van besering wees, maar is normaalweg 'n telingsgebrek. Dit kom ook meer dikwels by sommige rasse soos die Nederlandse Dwerg voor as by ander. Die tande kan geknip word sodat die konyn kan eet, maar dis beter om die dier uit die weg te ruim. As jy wanpassende tande opmerk is dit nodig om jou teelrekords na te gaan om die oorspronklike oorsaak van die probleem op te spoor. Die ongeluk is dat die probleem eers in die derde of vierde geslag kan voorkom. In daardie stadium kan 'n groot deel van die teeldiere al die geen dra.

Diaree (buikloop)
Die aanduidings is gewoonlik los keutels en in uiterste gevalle vuil anusse. Verwyder alle kos. Voer net droë gras of hooi en gee baie vars water. 'n Oplossing met 'n swawelbasis is beskikbaar wat by die drinkwater gevoeg kan word. As die toestand voortduur of as daar 'n groot uitbraak in die konyngemeenskap is sonder dat daar veranderinge in dieet was, is dit raadsaam om 'n veearts te raadpleeg omdat dit 'n virusprobleem kan wees.

Seer hakke
Dit is wanneer die hare onder die konyn se pote uitval en die vel bars en ontsteek. Die probleem kom gewoonlik onder Rexes voor wanneer hulle op draadvloere gehou word, want hulle het baie korter hare. Dit kan ook onder ander rasse voorkom, veral onder die groter soorte. Die oorsake is meesal lang toonnaels, geroeste of vuil vloere of stukkende draadvloere. Skakel die oorsaak uit, dokter met Vaselien-mengsel of genesende olie en plaas 'n mat of plank in die hok vir die konyn om op te sit.

Hierdie lys is verreweg nie volledig nie. Daar kan boeke geskryf word oor die probleme wat kan voorkom, en daar is inderdaad baie oor gepubliseer.

'n Aantal siektes het gelukkig nog nie ons land bereik nie. Gevolglik word nie eers na hulle verwys nie. Daar is egter nog heelwat ander probleme wat jy kan teëkom in die beoefening van jou stokperdjie, maar oor hulle sal jy maar self 'n bietjie meer navorsing moet doen. Onthou, ek het bloot 'n klompie wenke aan die hand gedoen vir die hantering van probleme. Dis nie my bedoeling om op ander se gebied te oortree nie. Dus, as enige probleem verseg om weg te gaan, of as iets ongewoons gebeur, ontbied jou veearts. As hy nie weet wat verkeerd is nie, is hy beter in staat om uit te vind.

Ten slotte en soos ek reeds gesê het : **voorkoming is beter as genesing.**

5.1 Daar moet aan streng regulasies voldoen word as diere na ons land ingevoer word. Beskryf hierdie regulasies kortliks en gee redes waarom jy saam met, of nie saam met, hierdie wette saamstem nie.

5.2 Omdat daar 'n oorbevolking van konyne in Australië was, is 'n metode gevind om aanwas te beheer. Waarom het hulle te erg aangeteel? Watter metode is ontwikkel om dit te beheer en hoe is dit gedoen? Wat is die gevolg van hierdie beheer ten opsigte van die konyn bevolking van die wêreld?



5.3 Hoe bepaal jy die verskil tussen 'n konyn wat snuifsiekte het en een wat net verkoue het?

Notas

Hoofstuk 6

RASSE

Vir etlike jare is daar nou al 'n verbod op die invoervan konyne. Toe mense nog kon invoer, het hulle nie altyd top gehalte diere gekry nie. Daarbenewens het Suid-Afrikaners 'n neiging tot kruisteling, veral as daar kommersieel geteel word. Die gevolg hiervan is dat die diere wat vir skou geskik is, beperk is. Daar is ook probleme wat dopgehou moet word wanneer met sekere rasse geteel word. Ek sal probeer om 'n kort oorsig van die rasse wat in hierdie land beskikbaar is, te gee, asook om na sommige rasse, wat in Zimbabwe beskikbaar is, te verwys. Ongelukkig kan ons nie enige van hulle konyne invoer nie. As jy jou egter in Zimbabwe bevind, kan jy probeer om sommige van hulle rasse te sien.

VERTOONRASSE

Angora
Drie Angora-soorte is na hierdie land ingevoer, elk verskillend en met sy besondere eienskappe. Ongelukkig is hulle ook verbaster en moet mens baie versigtig met hulle wees.

Engels
'n Klein konyn, gewig ongeveer 2,7 kg, ronde lyfie soos 'n sneeubal. Die Engelse Angora het baie fyn (sagte) hare. Die enkele haar (sommige mense noem dit verkeerdelik wol), individueel gemeet, is uiters dun. Daar word kledingstukke (truie, ens) van die hare gebrei. Dit word dikwels met ander vesels soos wol gemeng as dit gespin word om dit sterker te maak.

Die Engelse Angora word vandag selde op skou gesien omdat hy nie soveel wol soos die ander twee soorte lewer nie. Soms word gekleurde Angoras as Engelse Angoras aangebied, maar hierdie is gewoonlik kruisteelte of gekleurde Duitse Angoras.

Duits
'n Groot konyn van tot 5 kg met 'n dikker haar as sy Engelse neef. Die Duitse Angora se vag is ook deurspek met 'n groot aantal baie growwe, lang, reguit hare, steekhare, 'n Engels guard hair genoem. 'n Kombinasie van hierdie hare maak dat die "wol" op sy eie gespin kan word. Hierdie "wol" word oorsee vir termiese onderklere gebruik. As hierdie diere geskou word is dit 'n vereiste dat hulle betreklik ruie, langhare op hulle ore en pote moet hê.

Frans
Hierdie konyne is in die 1980's tydens die "Angorawol-voorspoedgolf" ingevoer. Hulle hare was veronderstel om tussen die ander twee rasse s'n te wees wat dit ideaal maak om klere van te brei. Die diere wat ingevoer is, het egter nie aan aan enige skou-standaard voldoen nie.

Dis ongelukkig baie moeilik om vandag 'n "suiwer "Angora-ras te kry. Daar is 'n aantal mense wat nog 'n Angora of wat aanhou en daar is 'n "Angora-plaas" op Oudtshoorn, maar net een persoon in KwaZulu / Natal wat gereeld skou.

'n Angora moet gereeld gepluk of geskeer word (hy word vir sy hare aangehou), anders word dit 'n onbeheerbare gekoekte massa en kan die dier vrek. Vir skou verwag mens 'n haardos van byna 100 mm lank. Tydsberekening en opkamming is dus baie belangrik.

Belgiese Haas
Hoewel dit 'n konyn is, lyk hy soos 'n haas en vandaar sy naam. Dis 'n groot dier van 4 kg, maar vanweë sy gestalte het dit 'n groter hok nodig as enige ander konyn van 'n soortgelyke gewig. Dit het ook 'n effens korter pels as die meeste ander konyne en dit is dus raadsaam om hulle op soliede vloere te hou. Die haas vereis ook baie afrigting omdit behoorlik op 'n skoubank te laat sit. Daar is net eenteler in KwaZulu / Natal wat "hase" skou.

Swart en Taan (Black and Tan)
Dis 'n pragtige klein konyntjie van 2,2 kg wat ongelukkig met die Vos (Fox) gekruis is. Die resultaat is te groot en het baie van sy taankleur verloor. 'n Paar toegewyde telers in Gauteng het volgehou met terugteling en skou nou die enkele dier of wat.

Hollandse Konyn
Hierdie is 'n baie gewilde ras en word dikwels verkeerdelik as "dwerge" in troeteldierwinkels aangebied. Hy is 'n klein konyn van 2 kg met kenmerkende kleurpatrone op sy lyf. Die voorlyf is grootliks wit en die agterlyf en kop gekleurd. Op die skoubank word die meeste punte volgens sy kleurpatrone toegeken.

Dis uiters moeilik om 'n volmaakte Hollandse konyn te teel, maar hulle het baie goed gedoen op skoue. Hollandse konyne word in die volgende kleure geteel : swart, sjokolade, blou, geel, skilpaddop, staalgrys en grysbruin.

Die Hollandse Driekleur
Dis 'n effens groter konyn as die normale Hollandse een. Hy word geteel deur die Hollandse konyn met 'n Harlekyn te kruis. Gesien die beskikbare getalle, is dit net Heather Heron in KwaZulu / Natal wat die geduld het om 'n projek soos hierdie aan te pak.

Die Engelse Konyn
Hy word die Engelse Spikkelkonyn of die Engelse Skoenlapper genoem vanweë sy besondere kleurvlekke. Hy is 'n wit konyn met 'n kleurvolle skoenlapper op sy snoet, 'n visgraat-patroon op sy rug langs en 'n groot aantal vlekke op spesifieke plekke op sy pels. Daar word gesê jy kan 'n perfekte Engelse konyn net skilder, nooit teel nie. Daar is egter hier en daar mense wat altyd 'n uitdaging soek en hom wel teel. Ook vir hierdie ras word die meeste punte op skou vir sy kleurpatrone toegeken. Die Engelse konyn is ook baie gewild by die skoupubliek, hoewel hulle effens groter is, naamlik tussen 2,6 kg en 3,6 kg.

Die Engelse konyn kan in vyf kleure geskou word, naamlik swart, sjokolade, blou, skilpaddop en grys.

Vlaamse Reus
Hierdie is 'n baie groot konyn en word dikwels verkeerdelik as 'n ideale kommersiële konyn beskou. Die Vlaming is 'n vertoonkonyn en word in hierdie klas geskou. Die Britse Konynraad erken net een kleur, naamlik staal, terwyl die Europese Standaard 'n aantal kleure erken. Die Europese Standaard vereis egter 'n groter konyn as die Britse Raad. Dis 'n ernstige probleem en telers sukkel op die oomblik om die vereiste gewig geteel te kry.

Harlekyn / Ekster
Die merke op hierdie twee konyne is veronderstel om identies te wees. Net die kleure verskil. Die Harlekyn is naamlik swart en geel, terwyl die Ekster swart en wit is. Die vereiste standaard is vir die kop om half wit / geel en halfgekleurd te wees met die ore die teenoorgestelde kleur as die kop. Die lyf is in stroke kleur met die pote teenoorgestelde kleure. Daar is net een persoon in KwaZulu / Natal wat hierdie rasse skou. Die Britse Standaard laat toe vir bruin, blou en lila (ligpers), asook swart.

Himalaja
Die Himalaja-konyn is 'n klein, slangagtige diertjie van 2,2 kg. Hy is wit met pikswart vlekke op sy neus, ore, pote en stert. Dis 'n uitstekende skoukonyn as hy in kondisie is, maar dit vereis perfekte tydsberekening. Jong konyne vertoon gewoonlik bruinerige hare op die pote of die snoet(neusmerke) en is nie ten volle ontwikkel nie. Ouer konyne, daarteenoor, ontwikkel oogvlekke (wenkbroue). Daar is gewoonlik net 'n paar op skoue te sien.

Nederlandse Dwerg
Hy is almal se gunsteling en 'n vertoonteler se nagmerrie. Hier die klein konyntjie (1,12 kg maksimum), teel nie soos ander konyne nie. Opreggeteelde werpsels is selde soveel as drie en die aanvraag oorskry dus die aanbod. Gevolglik word mense dikwels gekul deur aan hulle "dwerge" te verkoop wat in werklikheid kruisteelte of sommer baba konyne is. Die Dwerg se herkenbaarste eienskappe is, afgesien van sy grootte, sy kort ore en plat gesigsvoorkoms.

Die Dwerg word geskou in rooi-oog wit (row), blou-oogwit (bow) of gekleurd. Hulle kom in amper elke denkbare kleur of patroon voor. Mense is egter geneig om die "row" en die "bow" te kruis en dit lewer 'n "Hollandse" wanpatroon. Dit kos baie deursettingsvermoë om van hierdie kruisings geteel te kry sodat dit aan skoustandaarde voldoen. Groot sukses word met dié ras op Gauteng-skoue behaal en hulle is baie gewild onder skouers. Teling lewer egter probleme.

Flapore
Die Engelse Flapoor, met sy buitengewoon groot ore, sou 'n baie gewilde konyn wees as dit in hierdie land beskikbaar was. Ek het nog net een gesien en dié was toe skynbaar met 'n Franse Flapoor gekruis. 'n Teler het daarin geslaag om 'n kroos geteel te kry, maar kon dit nie regkry om standaard met een van die twee te haal nie.

Die meeste flapore wat in hierdie land aangetref word, is te wyte aan swak oorspiere by konyne met die gevolg dat hulle nie die oor/ore regop kan hou nie. Daar is blykbaar hier en daar 'n Engelse Flapoor asook Dwerg-flappe in Zimbabwe.

NORMALE PELSRASSE

Beige
'n Pragtige, kleinerige konyn met 'n wonderlike kleur. Sy pels het 'n sandkleurige onderlaag met 'n blouerige tint bo-op. As 'n goeie een op die skoubank beland, presteer hy gewoonlik uitstekend. Ek kan maar net vermoed dat die Beigese klein formaat en die geringe kleurwisselinge die oorsaak is waarom hulle nie buite KwaZulu / Natal aangetref word nie. In Brittanje het dié met 'n baie donker tint feitlik oorgeneem wat daartoe gelei het dat die Isabella-standaard aanvaar is.

Kaliforniese Konyn
Dis een van die gewildste twee rasse in die land. Die Kaliforniese konyn is in Amerika ontwikkel as 'n vleiskonyn met 'n bruikbare pels. Hierdie wit konyn met gekleurde vlekke op sy neus, ore, pote en stert behoort tussen 3,4 kg en 4,5kg te weeg. Toegewyde teling het die diere weer na skougrootte teruggebring. Probleme word nog met sowel die pelse as die diepte van kleur aan die eindpunte ondervind. Die Kalfornïer word volgens die Amerikaanse standaard beoordeel, behalwe dat sjokolade vlekke ook in Suider-Afrika toegelaat word (soos per Britse Standaard).

Chinchilla Giganta (Die Reus-Chinchilla)
Dis 'n baie groot konyn met 'n gekartelde pels in blou en wit patrone. Die pels se kleure is aan die kenmerkende kleur van die hare te wyte, naamlik 'n leiblou, dan 'n strook wit gevolg deur nog 'n strook blou, met swart steekhare tussen in. Aangesien dit 'n bra lang konyn is, bewerk dit nie te goed na dit geslag is nie, maar word tog kommersieel geteel. Hierdie is nog 'n ras wat moeilik is om volwasse gewig op 'n gereelde grondslag te verkry.

Kaneel-konyn
Dis nóg 'n Amerikaanse vleiskonyn wat vir die Swart mark na hierdie land ingevoer is omdat swartmense nie van wit konyne met rooi oë hou nie. Dis 'n groot, bruin konyn met donkerder eindpunte (neus, ore, pote en stert) en 'n swart (rookgrys) tint oor die pels. Dit was ongelukkig nie geslaagd as 'n vleiskonyn nie en word nou net hier en daar op 'n skou opgemerk.

Die Kaneel-konyn kom in verskillende skakerings voor en blykkbaar word net die donker skakering in Zimbabwe geteel. Dis nie 'n probleem in Suid-Afrika nie. Die probleem, soos die geval met alle groot rasse, is om 'n konstante volwasse gewig te verkry.

Deilenaar
Hy is een van die nuwer toevoegings tot die plaaslike toneel en is ontwikkel deur 'n teler wat die taan in die Swart en Taan-konyn probeer verbeter het deur hom met 'n rooi konyn te kruis. Die diere wat op die skoubank verskyn, toon verbetering. Probleme word egter met volwassenes wat 'n maksimum van 3,5 kg gewig oorskry, ondervind. Die ander probleem is dat sowel die rooi as swart skakerings te veel wissel, selfs onder dieselfde werpsel. Hierdie

konyn kom hoofsaaklik in Gauteng voor.

Voskonyn
Hy is na my mening een van die mooiste konyne in die land, veral die swart of "silwer " Vos. Ongelukkig is dit in die verlede nie in dieselfde lig deur die algemene publiek beskou nie. Hy is van gemiddelde grootte, gekleur en het 'n wit pens met wit vlekke op sy kakebaan, neusgate, binne die ore en ook wit spikkels op sy sye en kruis. Hy was op een stadium skaars, maar danksy 'n klompie toegewyde telers is hy nou met mening terug. Hy kom meesal in swart voor, hier en daar kom 'n sjokelade-kleur op die skou, terwyl die bloues uiters skaar is. Die standaard-vereistes laat ook lila (ligpers) toe, maar ek het jare laas so een gesien.

Nieu-Seelandkonyn
Die Nieu-Seeland-wit (NSW) is die gewildste kommersiële konyn. Gevolglik is dit ook die een met die meeste kruisteelte. Die Amerikaanse Standaard, waarvolgens dit beoordeel word, vereis 'n dier swaarder as 4,2 kg. 'n Groot aantal van die wat op skou gesien word, is óf ondergewig óf het die verkeerde pels. Die meeste wat op skou geplaas word, is óf jong óf middelgrootte (tussen 6 en 8 maande) diere. In KwaZulu/Natal is 'n paar Nieu-Seeland-rooies te vind, maar dit wil voorkom asof hulle dieselfde probleme as hulle wit rasgenote ervaar. Die Swart variëteit het skynbaar uitgesterf en 'n bloue het ek nog nooit in hierdie land gesien nie.

Sabelkonyn
Daar is twee soorte, Martin en Siamees. Hulle word nie dikwels op skoue gesien nie omdat hulle alewig aan die verhaar is. Hy is 'n kleinerige / middelgrootte konyn en kom in verskeie skakerings van "bruin" voor.

"Smoke Pearl" konyn
'n Konyn identies aan die Sabel, maar met 'n blou (grys) kleur.

Suid-Afrikaanse Rooi Konyn
As gevolg van die kruisteling van verskillende "rooi konyne" wat die land ingevoer is, is 'n standaard daargestel om hierdie diere se nageslag te akkommodeer. In een stadium was daar net een persoon in Gauteng wat hierdie ras geteel het, maar danksy die konyn se goei vleiseienskappe raak die ras nou gewilder.

Ander Variëteite
Van tyd tot tyd verskyn ander variëteite op die skoubank. Onlangs is *Perlfee* en *Lynx* in KwaZulu/Natal vertoon, terwyl Chinchillas en Havanas in Gauteng gesien is. Dis derhalwe onjuis om te sê ander rasse kom nie in hierdie land voor nie. 'n Mens moet egter altyd seker maak dat daar 'n standaard vir die "nuwe ras" is wat jy ontdek het, alvorens jy daarvan koop.

SPESIALE PELSRASSE

Rex (Koningskonyn)
Dis 'n middelgrootte konyn met 'n kort pels van 12 mm lang hare. Die standaard vereis 'n baie digte pels wat 'n pragtige fluweel voorkoms tot gevolg het, veral by 'n goeie swarte. Vanweë sy kort pels vereis die Rex spesiale aandag en dit is raadsaam om Rexes op soliede vloere te hou. Rexes kom in 'n groot verskeidenheid kleure en patrone. Dwerg-rexes is tans baie gewild in Brittanje. Die feit dat Rexes sulke spesiale aandag vereis, tesame met hulle smal koppe (spits gesiggies) en gebrek aan digtheid by sommiges, verhoed dat meer van hulle op skoue gesien word.

Satynkonyne
Hierdie konyne se pels het die pragtigste satynagte glans en vandaar hulle naam. Die meeste Satyne wat in Suid-Afrika geskou word, is die Britse soort, wat kleiner is en 'n ronder postuur het. In Zimbabwe kom die Amerikaanse Satyn meer dikwels voor. Hy is groter, meer van 'n vleissoort. In KwaZulu / Natal word normaalweg net die Ivoor (wit) Satyn geskou en hy presteer baie goed. In Gauteng sien 'n mens dikwels

gekleurde variëteite en hulle het gewoonlik 'n gebrek aan digtheid. Brittanje beskou die Satyn deesdae as 'n gewone pels-tipe, terwyl Natal 'n aparte afdeling vir Satyne het. Dit is dus noodsaaklik om te verseker dat jou dier vir die regte afdeling ingeskryf is as jy skou.

Hoofstuk 6-Projekte

6.1 Besoek 'n skou of 'n ander plek waar 'n verskeidenheid konyne te sien is. (As jy my vriende nie in lewnde lywe kan sien nie, raadpleeg 'n boek). Maak 'n lys van die rasse waarvan jy persoonlik hou en sê wat onderskei hulle van die ander rasse

6.2 Jy beskik slegs oor genoeg noodsaaklikhede om net een konynras te kan teel. Watter ras sal jy kies? Wat is die redes vir jou keuse.

6.3 Hou 'n lys van al die konynrasse wat jy teëkom. Maak 'n lys van dit waarvan jy in elke ras hou, asook dit in elke ras waarin jy 'n teensin het. Voeg dan enige spesiale werklike of moontlike vereistes of probleme wat jy tydens teling met daardie konynras kan ondervind by jou lys.

6.4 Hoe lyk dit met 'n plakkaat met al my familiebetrekkinge (konynrasse) daarop? Jy kan foto's uit tydskrifte gebruik, jou eie foto's of sketse.

6.5 Hierdie ruimte is vir jou om jou eie projek aan te teken.



VOORBEREIDING VIR SKOU

Die voorbereiding wat jy vir skou moet doen sal baie afhang van watter ras jy kies. Sommige soorte, soos die Belgiese Haas en die Poolse Konyn (slegs eenkeer gesien) moet van kleins af geleer word om op die skoubank te poseer. Party telers beweer dat die Dwerg van jongs af geleer moet word om op 'n klein houtblokkie te sit ten einde sy bollige vorm te vervolmaak. Die Angora, veral die Engelse soort, vereis voortdurende opkamming om te verhoed dat die pels koek, maar sonder dat die pels deur oormatige geborsel uitgedun word. Daar is egter sekere reëls wat vir alle rasse geld as hulle geskou word. Jy kan daarmee wegkom om somminge van die reëls soms te ignoreer, maar 'n dier wat goed voorberei is, oes gewoonlik die hoogste onderskeiding in. Jy behoort altyd te verseker dat die dier aan die standaardvereistes vir die ras voldoen, of minstens so na as moontlik daaraan te kom. Gaan na of daar diskwalifiserende verskynsels is, soos krom beenstrukture of gebreklikhede, wanpastande, öe wat dra, swak gesondheid, gekleurde konyne met wit toonnaels en, in die geval van sommige rasse, of jou diere oor- of ondergewig is. Enige konyn wat vir skou ingeskryf word, moet gereeld gehanteer word. Hy moet uit sy hok getel word, op 'n "tafel" neergesit word en geleer word om so stil moontlik te bly sit, selfs as hy langs ander konyne moet sit. Die konyn moet dan net so gehanteer word soos wanneer hy beoordeel gaan word.

Die konyn moet skoon wees, sonder hokvlekke. Die hok moet dus skoon gehou word. Enige hokvlekke of ander vuil kolle moet voor die skou skoongemaak / verwyder word. Soms, mits die tyd dit toelaat en die bevlekte oppervlakte nat is, sal die konyn homself skoonmaak. In noodgevalle kan 'n aartappel of suurlemoen gebruik word om die dier mee skoon te maak. Die konyn se toonnaels moet twee weke voor die skoudag geknip word. Toonnales behoort in alle geval gereeld geknip te word. Wanneer die toonnaels geknip word, wees bedag op die vloedvate in die naels. Hulle is maklik sigbaar in wit naels, maar moeiliker om raak te sien in donderder naels.

Probeer voorkom dat die konyn verhaar. Dit word gewoonlik gedoen deur die los hare oor 'n tydperk voor die skou uit die pels uit te borsel. Vryf jou hande deur sy pels terwyl die konyn op die tafel sit. Dit bring die los hare uit. As jy jou hande nat maak of 'n klam lap of seemsleer gebruik om die konyn mee af te vryf, gaan dit gewoonlik gouer. Sommige vertoontelers probeer verharing voorkom of die proses versnel deur die diere vitamines of ander spesiale kosse te voer. 'n Skielike verandering in die weer kan die konyn ook laat verhaar.

Die konyn moet in 'n reiskas na die skou vervoer word. Die kas moet sodanig wees dat die konyn homself nie natmaak as hy in die kas urineer nie. Dit is raadsaam om 'n wit konyn nie op koerantpapier te sit nie omdat die ink sy pels kan vlek. Daar moet ook seker gemaak word dat die konyn vars lug kry. Indien moontlik vermy oorverhitting want die konyn sweet maklik. Sommige vertoontelers glo daaraan om die aand voor die skou aartappelstysel of mieliemeel in die konyn se pels in te vryf ten einde enige stof of ligte vlekke te verwyder. Wees egter versigtig om nie te veel te gebruik nie, of anders moet jy die oormaat poeier die oggend voor beoordeling verwyder, anders kan die pels dof en leweloos lyk.

Die pels se glans kan ook verhoog word deur dit gereeld met 'n seemslap of skoon skaapwol te borsel. Party telers glo daaraan om hulle skoudiere 'n bietjie sonneblomsaad of grondboontjies te voer. Voorbereiding neem nie so baie tyd in beslag nie, maar dit maak dit baie meer moontlik vir jou dier om sy beste vir jou op die skoubank te lewer.

Projekte Hoofstuk 7 en 8

7.1 Kies 'n konyn van 'n ras wat jy graag sal wil skou. (Ek behoort tot daardie ras) Maak 'n lys van alles wat jy sal doen om te verseker dat ek die beste moontlike toekenning op die komende skou kry.

8.2 Jy hat my standaard. Sit my op 'n tafel neer en beoordeel my volgens die standaard (ounte). Hoe slaan jy my aan.

8.1 Ek behoort aan daardie konynras wat jy wil skou. Kry die skoustandaard vir my ras. Wat vind jy interessant omtrent my standaard? Het jy die standaard verkry voor of nadat jy my bekom het? Hoekom het jy ons bekom soos jy gedoen het.



7.2 Skryf my in vir 'n skou en berei my nou vir die skou voor. Hoe het ons in jou afdeling gevaar? Was jou voorbereiding genoegsaam vergeleke by die van ander konyne op die skou? Is jy tevrede met die plasing wat ek gekry het? Waar was ons suksesvol en waar kan ons verbeter.

8.3 Kry 'n paar van my vriende, van dieselfde ras en beoordeel ons ooreenkomstig die standaard. Teken jou plasings aan. Kry nou 'n konyn-beoordelaar of ervare skouer om ons te beoordeel. Hoe vergelyk jou plasings? As julle plasings verskil, waar verskil julle en waarom?

SKOU

Jy het jou konyn geteel / verkry en nou wil jy hom skou. Wat doen jy nou? Jy kan óf jou plaaslike konynklub nader (wat die beste manier is), óf 'n skouvereniging wat 'n konynskou aanbied en reël om 'n skouskedule te kry. Vul dan die inskrywingsvorm in en stuur dit weg, nadat jy seker gemaak het jy het jou konyn vir die regte klas ingeskryf. Gaan dan voort om jou konyn vir die skoudatum voor te berei.

Tentoonstelling (dit is om die konyne in hulle skouhokke te sit) vind normaalweg die aand voor die beoordeling van die konyne plaas. Met jou aankoms by die tentoonstellingsterrein sal jy deur een van die die skoubeamptes ontmoet word. Jou konyn sal vir gesondheidsprobleme ondersoek word, sy hoknommer sal in sy oor aangemerk word en hy sal geweeg word. Daarna sal jou konyn in sy hok geplaas word en sal jy die geleentheid kry om enige finale voorbereiding te doen. Jy kan ook vra hoe laat die saal oogesluit word en of jy jou konyn voor die beoordelaar se aankoms die volgende oggend mag hanteer. Sodra die beoordelaar aangekom het, mag geen konyne uit die hokke gehaal word nie, behalwe vir beoordeling.

As beoordeling oop is, mag almal bly en toekyk. As beoordeling egter geslote is, word net die beamptes by die skoutafel toegelaat. Geen bespreking mag om die tafel plaasvind nie, ongeag welke soort beoordeling gedoen word, behalwe as dit 'n tafelskou (vir opleiding) is.

Die beoordelaar sal die klas beoordeel en sy kommentaar op die diere lewer. Op kleiner skoue kan die beoordelaar normaalweg meer kommentaar lewer as tydens groot skoue. Die boekbeampte skryf al die kommentaar wat gelewer word op vir latere verwysings. Daarna sal die beoordelaar na sy / haar goeddunke begin pryse toeken. Nadat al die klasse van 'n ras beoordeel is, sal die eerste pryswenners beoordeel word vir die Beste van die Ras (BvdR). Al die BvdR's sal dan vir hoër toekennings beoordeel word totdat die Beste op die Skou of die Groot Kampioen aangewys is. Na die beoordeling sal die beoordelaar gewoonlik enige vrae wat die skouers mag hê, beantwoord.

Aangesien verskillende klubs en skoue verskillende reëls, klasse, ens., het, is dit raadsaam om die voorwaardes waaronder die skou gehou word, na te gaan alvorens jy inskryf.

Ten slotte, hier is 'n paar adresse waartoe jy jou kan wend as jy belangstel of verdere inligting verlang. Onthou, daar is 'n magdom inligting in 'n aantal boeke beskikbaar en ook op Internet beskikbaar.

Transvaalse Konyntelersvereniging
Posbus 1281
Walkerville. 1876

Natalse Konynklub
Pioneer Cresent 24
Northdene. 4093

The Rabbit Breeders Association of Matabeleland
Posbus 252
Bulawayo
Zimbabwe

Mashonaland Rabbit Breeders Association
Posbus H 98
Hatfield,
Harare
Zimbabwe

British Rabbit Council
Purefoy House
7 Kirkgate
Newark
United Kingdom

American Rabbit Breeders Association. Inc.
Posbus 426
Bloomington. IL 61702-0426
United States of America